

# 'n Behoefte aan fisiese teenwoordigheid

Teks: 1 Thessalonisence 2: 17 - 3: 13

Teksvers: 1 Thessalonisence 3: 10

## 1. Inleiding

**W**at is die eerste ding wat jy gaan doen wanneer hierdie grendelstaat verby is? Dit is vraag wat mense vandag aan mekaar vra via sosiale media. En self wonder ons ook maar oor daardie spesifieke eerste Sondag, wanneer die grendelstaat verby is. Gaan die mense by vriende en familie kuier, op 'n wegbreek gaan. Of is daar 'n verlange om persoonlik hier by my medebroers en susters onder die geklank van die Woord saam te kom? Om na die kerk te kom.

'n Mens kan seker vandag maklik die vraag vra, maar hoekom. Werk hierdie YouTube uitsending en Zoom vergaderings dan nie goed nie? Is die nie lekker om veilig en knus in my sitkamer tuis die erediens te beleef nie? En dan het ons mos nog net begin om die tegnologie in span. Ons kan mos nog soveel meer doen. Dit miskien verfyn en selfs heeltemal perfek kry.

Maar dan word ons stil voor die Here se Woord uit 1 Thessalonisence vanoggend. Paulus het 'n brandende begeerte om terug te keer na die kerk in Tessalonika. En alhoewel hierdie brief wat ons uit die Woord van die Here lees, juis die manier is waarop hulle bedien is, is daar steeds 'n dieper behoefte. Hierdie brief is eenvoudig net nie genoeg nie.

Dit bring ons voor die vraag of dit vandag nog so is? Is daar dalk vandag in die moderne tegnologie tyd waarin ons leef, 'n plaasvervanger vir hierdie persoonlike kontak? Moet ons werklik nog die uitgawes aan geboue en onderhoud aangaan, om bymekaar te kom. Om persoonlike kontak met mekaar te hê. Of is dit eenvoudig 'n stuk Geestelike onvolwassenheid wat ons nog oorkom in ons pad van geloofsgroei?

## 2. 'n Eerste eeuse probleem

In die begin van ons teksgedeelte in vers 17, sien ons duidelik dat Paulus hulle nog nie lank

weg is van die mense in Thessalonika nie. Hoe lank hulle ook werksaam was in Thessalonika was is ook nie presies duidelik nie. Handeling 17 vertel van drie Sabbatte se bediening in die sinagoge. En dan word hulle uiteindelik weggejaag uit die huis van Jason deur die stadsmense. Waarskynlik het die bediening dus nog 'n ruk aangenaam na hulle verban is uit die Sinagoges uit.

Tog sien ons hulle bediening was nie klaar nie. Trouens hulle was so bang en benoud oor hierdie groepie nuwe gelowiges, dat Timoteus daarheen gestuur word. En Timoteus het 'n duidelike opdrag van Paulus-hulle. Gaan kyk of die versoeker of verleier nie miskien reeds die mense verlei het om die geloof te verloon nie. Ons weet dat hierdie versoeker of verleier by wyse van woordgebruik in die oorspronklike teks aan Mattues 4 se versoeking van Christus gekoppel word. En ons weet uit Mattues 4 dat die Duiwel is waarvan gepraat word hier.

Dus met die goeie grondslag wat Paulus hulle gelê het in die geloof en die opsie wat die mense in Thessalonika om samekomste te hou en mekaar te versterk in die geloof. En daarby nog die briewe waarin Paulus die gemeente onderrig, wat uiteindelik ook vir ons die Nuwe Testament in die Woord van die Here word.

Daarby kan natuurlik die werking van die Heilige Gees ook nie uitgesluit word hier in Tessalonika nie. Hierdie geskiedenis volg na die uitstorting van die Gees in Handeling 2. Maar selfs met al hierdie dinge, is daar steeds die vrees dat hierdie mense afvallig kan word. Dat al die arbeid in die geloof in Tessalonika, verniet kon wees. Tog is instandhouding van die geloof nie die enigste bekommernis vir Paulus en die mense by hom nie. Daar is duidelik in ons teksvers nog sprake van 'n uitbou van die Geloof. Die verlange is immers daar om die geloof nog aan te vul met dit wat ontbreek deur Paulus en die mense by hom.

## 3. Is dit 'n behoefte in die gemeenskap van gelowiges vandag?

Maar terug by ons vraag wat van vandag? Beteken dit daar vandag nog hierdie behoefte by die Nuwe Testamentiese kerk bestaan? Ons het mos nou die volkome Bybel en soos reeds na verwys is ook die tegnologie. Maar voor ons hierdie vraag beantwoord, kom ons fokus die bediening van die genade deur ons Here Jesus Christus.

Wanneer die Here Jesus Christus vir ons sondes kom sterf, hier op aarde kan dit nie oor 'n afstand gedoen word nie. Ons Here Jesus Christus moet mens kom word. Hy word gebore en word groot in 'n gemeenskap. Hy bedien tussen mense. Ons weet dat Hy gereeld na die tempel gegaan het, en ook dat Hy skares mense persoonlik onderrig het. Laastens dra Christus die straf op ons sondes in en onder 'n spesifieke gemeenskap mense.

Met die latere bediening van Paulus waarvan ons lees in vandag se teksgedeelte is dit dieselfde. Hy gaan werk en woon in gemeenskappe waar die Woord bedien moet word. Tessalonika is immers veral bekend as die gebied waar Paulus sy tentmaker benadering tot bediening beoefen het. Daar het hy 'n gemeenskap probeer skep waar nuwe gelowiges kan woon en werk.

Dit bring ons by vandag en die voordele aan fisiese teenwoordigheid in eredienste. Ons kan, soos ons ook probeer die erediens deur tegnologie so na as moontlik aan die ware Jakob bring. Maar dit is nie ten slotte van sake die ware Jakob nie. Daar is iets aan daardie warm omgee van my broer en suster in die geloof wat verlore gaan. Daardie gemeenskaplike lofprysing. Daardie fisiese teenwoordigheid saam met mekaar onder die geklank van die Woord. Meelewing sonder persoonlike kontak tussen medegelowiges bly 'n geloof wat tog maar iets ontbreek op die ou einde.

Wanneer ons fisies bymekaar is kan ons mekaar in die geloof ondersteun. Ons kan praat oor geloofsbeleving en mekaar versterk in die geloof. Ons kan ook prakties na mekaar uitreik en mekaar ondersteun, in nood en behoeftes.

#### **4. 'n Smekende gebed**

Tog moet ons nie miskyk wat persies in ons tekswers gesê word nie. Dit is 'n ernstige gebed aan die Here. Die woorde van hierdie gebed word vir ons opgeteken in vers 11 wat volg op ons tekswers. Maar die erns en oortuig van hierdie gebed is die onderwerp van die

eerste gedeelte van ons tekswers. Met ons hele hart of ernstig is die Afrikaanse vertaling van die oortreffende trap wat in oorspronklike teks gebruik word, om die manier waarop Paulus hulle bid te beskryf. Dit word dan ook voorafgegaan deur die tydsaanduiding "dag en nag". Hierdie tydsaanduiding dra die aanhoudende tydige en ontydige betekenis.

Daar is geen twyfel nie dat Paulus hulle ernstig is oor hierdie saak. En dan praat ons van die tipe erns wat nie kunsmatig gemaak kan word nie. Dit is 'n erns, wat uit jou binneste kom, wat in jou hart moet leef. Natuurlik kom die werk van die Heilige Gees weer hier duidelik na vore. Dit is Hy alleen wat hierdie brandende begeerte na die eer en verheerliking van die Here in 'n mens kan skep.

Maar dit is die vraag aan ons elkeen vanoggend. Gaan ek die Gees teenstaan wanneer Hy hierdie verlange na die samekoms van die gemeenskap van die gelowiges in my werk? Gaan ek die verleider toelaat om my te verlei om eerder iets anders te doen in daardie bestemde tyd op 'n Sondag oggend?

indien ons antwoord nee is op hierdie vraag, is daar iets wat ons nou al reeds kan doen. Ja, presies dit wat Paulus hulle gedoen het. Hulle het ernstig gebid, dat die Here dit vir hulle moontlik maak om hierdie persoonlike kontak uit te leef. Om hierdie roeping wat in hulle leef te kan gaan uitleef. Kom ons bid ook hierdie komende week ernstig tot die Here. Veral oor hierdie saak. In die woorde wat die Groot Leermeester ons oor gebed leer. Kom ons bid Laat U koninkryk kom.

#### **5. Slot**

Ons kan hierdie preek afsluit deur die vraag te antwoord of fisiese kontak tussen gelowiges dan werklik so belangrik is? Veral wanneer die grendelstaat, geleidelik op gehef word. Hoe voel ons oor die verbond op fisiese eredienste in die kerkgebou? Wat terloops eers in die laaste fase van inperking gaan moontlik wees. Is dit maar een van daardie dinge wat ons maklik sal opoffer, as daar net ander aspekte van die inperking opgehef kan word?

Uit ons teksgedeelte was Paulus en sy medewerkers duidelik nie tevrede, met hierdie tweede prys nie. Ook ons Here Jesus Christus self en die Verlossingswerk wat Hy verrig het, het fisiese teenwoordigheid vereis. Daarom is die boodskap uit teksgedeelte ook 'n ondersoek na wat eintlik in ons hart aangaan.

Want ondanks al die tegnologie en hulpmiddele vandag, is fisiese bymekaarkom in die erediens steeds die manier waarop die Here ons wil onderrig en waarop Hy ook deur ons vereer en verheerlik wil word.

Kom ons gaan bid ook elkeen hierdie gebed van Paulus in ons teksgedeelte vandag en die res van die inperking tyd. Kom ons ervaar in ons harte weer die brandende begeerte om as kerk van die Here saam te vergader. Ja, fisies in ons kerkgebou. Want op die einde is dit tog wat ware opheffing van die inperking vir die gelowige beteken.

Amen